



P.L. BERGER en B. GODSELL (reds.). *A future South Africa : visions, strategies and realities.* Human en Rousseau, en Tafelberg : Kaapstad, 1988. 344 pp. R24,95 (eksklusief). ISBN 0 624 02617 5.

Hierdie publikasie is die resultaat van die sogenaamde South Africa Beyond Apartheid-projek wat sedert 1985 geloods is om die debat oor verandering in Suid-Afrika te probeer verdiep. Die eerste fase van die projek was 'n beskrywing van sleutelrolspelers ('akteurs') wat waarskynlik die soort verandering sal bepaal wat in Suid-Afrika sal voorkom. Die tweede fase was 'n kritiese ontleding van die toekomsvisies en die strategiese logika van die 'akteurs' in die lig van die realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie. Die derde fase was die voorbereiding van hierdie boek.

In die eerste deel is die indeling van die vier hoofstukke gebaseer op 'n groepering van die belangrikste 'akteurs' en hul mededingende strategieë vir die toekoms: die regering en die staat, die regtervleuel, verset in ballingskap en versetbewegings aan die linkerkant van die politieke spektrum. Elkeen van die hoofstukke is op sigself 'n insiggewende dokumentering van die kontemporêre politieke toneel. Boonop word die leser betrek by die tweesnydende debat oor populêre opvattings en die 'akteurs' se weerlegging daarvan, oor visies en strategieë van 'akteurs', getoets aan die realiteite. In hierdie opsig slaag die boek in een van sy verklaarde doelwitte, nl. om deel te word van die openbare diskoers oor die toekoms van Suid-Afrika.

In hoofstuk vyf word die sogenaamde 'inkrementaliste' bespreek, te wete Inkhata, die Arbeidersparty, die Progressiewe Federale Party en die privaatsektor, wat almal liberale waardes onderskryf, soos die beskerming van individuele regte in 'n onafhanklike regsorde, 'n onderskeiding tussen apartheid en kapitalisme en die verwerping van rewolusie as die weg waarlangs verandering teweeggebring moet word.

Een van die waardevolste bydraes tot die openbare debat in hierdie boek is die nugtere ontleding van 'n wenslike en waarskynlike ekonomiese toekoms vir Suid-Afrika in hoofstuk ses. Die intensiteit van ekonomiese aansprake en die hantering daarvan in 'n demokratiese bestel anderkant apartheid word objektief ontleed. Onderhandelde skikking word voorgehou aangesien dit die wesenlike materiële belange van al die 'akteurs' beter sal dien as 'n verdiepende konflik.

Hoofstuk sewe bied 'n oorsig van die rol van veral internasionale verhoudinge, met die klem op dié tussen Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika. Ook die betrekkinge tussen Suid-Afrika en sy buurstate word aangesny.

Die twintigtal akademici, navorsers en sakelui wat aan die projek deelgeneem het, se gesamentlike uitgangspunt is dat apartheid afgetakel en deur 'n demokrasie vervang moet word, dat die produktiewe kapasiteit van die ekonomie nie in die oorgangsproses vernietig moet word nie en die koste van oorgang, veral in menslike terme, tot die minimum beperk moet word.

In die agste (en slot-) hoofstuk — deur die redakteurs self geskryf — word Suid-Afrika ten opsigte van maatskaplike verandering met onder meer Rhodesië, Algerië, Selma, Iran, die Filippyne, Japan en China vergelyk. Sodoende word die leser oortuig dat geen sosiale bestel onveranderlik is nie. 'n Nie-rassige, demokratiese en welvarende Suid-Afrika is moontlik, maar die pad daarheen loop nòg deur Armageddon, nòg deur die paradys ...

Hierdie is 'n waardevolle en prikkelende werk wat die debat oor en in Suid-Afrika ten goede kom. Met die kundigheid van die skrywers word ongeldige stereotipes afgebreek en die leser gelei om die werklikhede sowel as verrassende nuwe moontlikhede te sien. Die bespreking verval nooit in oormatige tegniese besonderhede nie, en hoewel die taalgebruik nie eenvoudig is nie, is dit volkome leesbaar. Die boek is voorsien van 'n register en 'n bibliografie waarin die jongste werke opgeneem is.

*JOHANN GROENEWALD*
***Universiteit van Stellenbosch***